



Efesiërs Deel 2

Skriflesing: Efesiërs 3:1-21

“Die Krag van God se Liefde en Sy Plan vir Jou Lewe”

“Efesiërs 3:1-2 DB “Juis daarom sit ek, Paulus, hier vir Christus in die tronk. Ek is in die tronk gegooi omdat ek vir julle wat nie Jode is nie van Christus vertel het. Julle het seker al gehoor dat God my gevra het om vir julle te kom vertel hoe goed Hy regtig is.”

🔍 1. God het ’n plan wat groter is as wat ons kan sien

Efesiërs 3:3-6 DB “God het duidelik vir my gewys wat sy plan met julle is, al het mense dit glad nie besef nie. Ek het al so ’n bietjie daarna begin verwys. As julle nou verder lees, sal julle ook duidelik begin agterkom hoe die verrassende plan van God met Christus werk en hoe ek dit verstaan. Deur die loop van die geskiedenis het die mense nie geweet wat God gaan doen nie. Nou is dit egter nie meer vir ons ’n geheim nie. Die Heilige Gees het dit aan al die mense vertel wat gekies is om God se Woord te verkondig. Die geheim is dit: enigiemand wat in Christus Jesus glo (selfs al is hy ’n nie-Jood), word ’n kind van God en kry by God wat Hy vir al sy kinders gee. So ’n persoon is dan saam met die ander gelowiges die liggaam van Christus. Hy kry alles wat God in die goeie boodskap aan Christus Jesus se mense beloof het.”

🔥 2. Ons is geroep om Sy genade te wys

📖 Efesiërs 3:8-9 8 Although I am less than the least of all the Lord's people, this grace was given me: to preach to the Gentiles the boundless riches of Christ, 9 and to make plain to everyone the administration of this mystery, which for ages past was kept hidden in God, who created all things.

2 Korintiërs 12:9 "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring."

3. God se liefde is die fondament van alles – Die diepte van God se liefde

📖 Efesiërs 3:17-19 "Dat Christus deur die geloof in julle harte mag woon, en dat julle in liefde gewortel en gegrond mag wees... om te kan verstaan wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is — en om die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref."

Efesiërs 3:16-17  16Ek bid dat God, wat so wonderlik en sterk is, deur sy Gees vir julle die krag sal gee wat julle nodig het om geestelik julle man te kan staan. 17So sal Christus deel van julle lewens word omdat julle op Hom vertrou. Julle lewens sal gebou wees op liefde.

Paulus wil hê dat die Christene nie net kennis van God het nie, maar dat Christus aktief in hulle lewe woon.

Dit beteken dat die krag en vrede van God ons binne-in verander, nie net buite nie.

🌟 4. God kan meer doen as wat ons kan dink of vra

Efesiërs 3:20-21 DB 20.God is so magtig en sterk. Juis met daardie krag werk Hy ook in ons. Hy kan en het dinge vir ons gedoen waarvan ons nie eens kon droom nie.  21.Hy verdien daarom al die eer wat die kerk het om te gee, veral as ons dink aan wat Christus Jesus vir ons gedoen het. Almal moet Hom so eer, nou, môre en tot in ewigheid. Mag dit so wees.